**Notule** van die **9de Gewone Maandelikse** vergadering
van die **Plaaslike Raad** vir **Beaufort-Wes**

gehou in die *Pinkster Eenheid Kerk, Ebenezerlaan, Beaufort-Wes*

op **Dinsdag, 24 November 2015**

om **10:15**

**TEENWOORDIG:**

**Raadslede**: SM Motsoane [Speaker], EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester] GP Adolph, J Bostander, G de Vos, L Deyce, M Furmen, GT Murray en AM Slabbert

**Raadsheer** T Prince [Uitvoerende Burgemeester],

**AFWESIG:**

Raadslede R van der Linde *[Siekteverlof]*, DE Welgemoed *[Verskoning]* en AD Willemse

**IN DIENS:**

Munisipale Bestuurder, Direkteur: Finansiële Dienste, Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Wrnde. Direkteur: Elektrotegniese Dienste [D. Le Roux] en Komitee Beampte

Mnr. J. Booysen open die vergadering met gebed.

## 1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER

**GEEN**

## 2. AANSOEKE VIR VERLOF VIR AFWESIGHEID

3/4/1

| **Raadsheer/Raadslid** | **Verlof Datum** |
|---|---|
| Rdl AM Slabbert | 08 tot 22 Desember 2015 |
| Rdl GT Murray | 27 November 2015 |

Raadslid Slabbert deel die vergadering mee dat Raadslid Welgemoed versoek het dat Raadslid Slabbert vir hom verskoning moet maak vir die nie-bywoning van hierdie vergadering weens omstandighede buite sy beheer.

Vervolgens meld Raadsheer Prince dat Raadslid Welgemoed nooit vergaderings bywoon nie en wat die agbare betref, het Raadslid Welgemoed al sy raadslidskap verloor. Voorts versoek die Uitvoerende Burgemeester dat 'n verslag saamgestel word met betrekking tot watter raadsvergaderings Raadslid Welgemoed bygewoon het en watter nie.

## 3. GOEDKEURING VAN NOTULES –

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid M Furmen stel voor dat die onderstaande notules soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word:-

3.1 8ste Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 27 Oktober 2015**

3.2 8ste Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 27 Oktober 2015** [Afsonderlike Notuleboek]

3.3 11de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 22 Oktober 2015**

3.4 12de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Vrydag, 06 November 2015**

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER

Die Speaker deel die vergadering mee dat indien daar nou 'n skedule vir 2016 opgestel word sal die Speaker dit doen tot en met Junie 2016 omrede die termyn van die huidige Raad Mei 2016 tot 'n einde kom.

Voorts meld die Speaker dat hy steeds van mening is dat alle afgesterwe persone / huiseienaars se rekeninge afgeskryf moet word, maar dan moet die mense ook bewus gemaak word dat indien die skuld afgeskryf word, iemand onmiddellik aangewys / identifiseer word wie volle verantwoordelikheid vir die eiendom sal aanvaar. Verdermeer meld die Speaker dat die Munisipaliteit en Crawfords Prokureurs reeds met mekaar gesels het oor hoe Crawfords Prokureurs die Munisipaliteit aan die hand kan vat met die oordragte.

Die Speaker meld ook dat Crawfords Prokureurs 'n voorstel op die op die tafel het, maar moet dit nog vasgemaak word om die voorstel verder met Crawfords Prokureurs te bespreek en sodra al die vergaderings in die wyke afgehandel is, sal die Speaker 'n verslag saamstel wat aan die Raad voorgelê sal word vir bespreking.

Laastens meld die Speaker dat daar heelwat afgebrande huise is en is daar gevra / versoek om ŉ opname te maak van hierdie gevalle en befondsing voor gesoek moet word. Voorts meld die Speaker aan die Direkteur: Finansiële Dienste dat die agbare verneem het dat daar wonings is waar die ouers afgesterwe het en die huise / wonings is sommer net op die kinders oorgedra en dat daar gekyk moet word hoe die Munisipaliteit hierdie kinders van hulp kan wees.

Die Speaker meld dat die agbare ernstig is as hy sê dat daar ŉ groot probleem is met die riool in die vlak tussen Kwa-Mandlenkosiwewg en Magnoliastraat en drein regoor Plaza Road en versoek mnr. Smit om na hierdie probleme te kyk.

Dankie

## 5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

3/4/1

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Speaker vir die geleentheid wat aan die agbare gebied word om ŉ paar mededelings te kan doen.

Die Uitvoerende Burgemeester deel die Raad mee dat die Raad ŉ meting / assessering laat maak het van die besluite wat die Raad sedert 2011 tot op hede geneem het deur ŉ onafhanklike konsultant en dat dit afgehandel is en met die Munisipale Bestuurder moet bespreek gaan word. Voorts meld die Uitvoerende Burgemeester dat hy ook nou baie lastig geval word van ŉ mnr. Pekeur wat ook omtrent twee (2) jaar terug Solar Panels wil kom opsit het, waar die mense warm water by die huise kan kry en die “letter of intent” is nog nooit geskryf nie, en vra dat dit afgehandel word, want die Raad het ŉ besluit hieroor geneem.

Verdermeer meld die Uitvoerende Burgemeester dat die ander probleem is dat ons dorp tans deur ŉ onverklaarbare oorlog gebukkend gaan en soos mense naweke sterf weet ŉ mens nie wie volgende is nie. Die Uitvoerende Burgemeester deel die vergadering mee dat die agbare tans besig is met ŉ program om die bende aktiwiteite hok te slaan en op 24 November 2015 met al die bende groepe in gesprek getree sal word. Die Uitvoerende Burgemeester hou ook die res van die week se program aan die Raad voor en versoek dat die hele gemeenskap saam met die Raad en ander rolspelers om 11:30, Vrydag, 27 November 2015 by die Arts & Crafts te Kwa-Mandlenkosi saamtrek, ten einde ŉ optog na die Landdros te hou om ŉ memorandum teen die geweld in ons dorp in te dien.

Laastens meld die Uitvoerende Burgemeester dat as leiers moet ons die dorp weer terugvat en ons inwoners se veiligheid te verseker. Die “Neighbourhood Watch” en die Sambok slaners moet dan maar weer geaktiveer word as die bendes nie wil hoor nie. Die Uitvoerende Burgemeester meld ook dat Justisie geblameer word omdat kriminele na arrestasie onmiddellik weer vrygelaat word en verdere probleme vir die gemeenskap is.

Die Munisipale Bestuurder word ook versoek om al die werkers vir die doel af te gee vir ± ŉ uur om deel te neem aan die optog waarna werkers weer terug moet keer na hul werksverpligting.

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat daar reeds met die Direkteur: Finansiële Dienste gesels was oor die bonusse van die tydelike werkers en dat daar finaliteit hieromtrent verkry moet word, laat daar nie later weer probleme ontstaan nie.

Voorts versoek die Uitvoerende Burgemeester dat daar vandag nog met die vakbonde gesit word om die onafgehandelde poste uit te sorteer, want dit is nie regverdig teenoor werkers wie nou al vyf (5) jaar tydelik is nie.

Baie dankie

**6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**

**GEEN**

**7. OORWEGING VAN VERSLAE DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

**7.1 MFMA: ARTIKEL 71: MAANDELIKSE STATE: OKTOBER 2015**
5/1/2/1; 8/1/1/2/3

dkd Raadslid L Deyce gesekondeer deur Raadslid GP Adolph stel voor dat die MFMA: Artikel 71, Maandelikse state vir Oktober 2015 goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**8.1 LANGDIENSTOEKENNING**
4/6/1/6

**KENNIS GENEEM**

**8.2 EMPLOYEES: ACHIEVEMENT OF CERTIFICATES**
SP

**KENNIS GENEEM**

**8.3 HERNUWING VAN HUURKONTRAK: HUUR VAN KANTOORSPASIE BY DIE BEAUFORT-WES THUSONG SENTRUM: GCIS**
7/1/4

**BESLUIT**

aa Dat goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die huurkontrak ten opsigte van die verhuring van kantoorspasie by die Beaufort-Wes Thusong Dienssentrum aan die Departement: Regerings Kommunikasie en Informasie Stelsels vir 'n periode van drie (3) jaar teen markwaarde.

**8.4 AANSOEK OM AANKOOP VAN GROND: VOORMALIGE "ESSENTIAL OILS" PERSEEL: Rdl. R. VAN DER LINDE**
7/3/4/1/1

**BESLUIT**

kk Dat die aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.5 TENDERS: CORP 13/2008 EN DID 01/2008: SA TOLLING: MR. J. KUMKARAN**
7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

ba 8.5.1 Dat die Raad se besluit geneem op 28 Julie 2015 met betrekking tot die kansellasie van die transaksies, herroep word.

8.5.2 Dat goedkeuring verleen word vir 'n verdere uitstel van twaalf (12) maande, effektief 1 Januarie 2016 soos versoek deur SA Tolling vir die afhandeling van die Omgewings Impakstudie, waarna geen verdere uitstel deur die Raad oorweeg sal word nie.

8.5.3 Dat mnr. Kumkaran die Raad oor elke twee (2) maande van 'n vorderingsverslag met betrekking tot die Omgewings Impakstudie sowel as 'n tydsraamwerk wat die beoogde aktiwiteite duidelik uiteensit, voorsien.

8.5.4 Dat mnr. Kumkaran versoek word om alles wat hy die Raad belowe het tydens hierdie vergadering op skrif te stel en aan die Administrasie voorsien.

**8.6 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 3501, BEAUFORT-WES**
7/3/4/1/3/2

Op voorstel van Raadslid G de Vos word soos volg:-

**BESLUIT**

ba Dat goedkeuring verleen word dat erf 3501 uit die hand uit teen markwaarde te wete R95,000.00 (BTW uitgesluit) verkoop mag word.

**8.7 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN VAKANTE WOONERWE: ESSOPVILLE**
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

kk Dat die aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.8 IDP PROJEKTE WAT GEREGISTREER MOET WORD**
10/3/3/5/11

**BESLUIT**

dkd 8.8.1 Dat goedkeuring verleen word dat die bedrag van R821,532.40 soos deur die Raad goedgekeur op 29 September 2015 per item 8.13 aangepas word na die bedrag van R2,053,831.00.

8.8.2 Dat goedkeuring verleen word dat die totale bedrag vir die 20 ligte aangepas word van R8,215,324.00 na R9,447,623.00.

**8.9 DELEGATIONS FOR NEW PLANNING LAWS**
12/1/B; 12/8/B

**RESOLVED**

ba That the proposed delegations in terms of the new Planning Laws attached as **Annexure 024 to 029** of the Agenda be approved and accepted.

**8.10 AANSOEK OM ONDERVERDELING VAN DIE PLAAS LA-DE-DA, NO. 178: BEAUFORT-WES**
12/4/5/2

**BESLUIT**

ba Dat goedkeuring ingevolge Artikel 25 van Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die onderverdeling van die plaas La-De-Da No. 178, Beaufort-Wes soos uiteengesit op die plan van voorgestelde onderverdeling aangeheg as **Bylae 039** onderworpe aan die volgende voorwaardes:-

1. Die bestaande toegange vanuit Hoofpad 584 ten gunste van voorgestelde Restant Plaas 178 onveranderd bly en geen nuwe toegange geskep word nie.

2. Die nodige voorgestelde serwituut reg van weg, ten einde permanente, wettige en onbelemmerde toegang aan voorgestelde Gedeelte A te verseker, in plek gebring word.

3. Dat die voorwaardes soos gestel deur SANRAL onder skrywe W11/3/3-11/7-11 dateer 06 Mei 2015, nagekom word.

**8.11 AANSOEK OM VERSLAPPING VAN STRAAT -EN KANTBOULYN: ERF 1481: THOMPSONSTRAAT 1: BEAUFORT-WES : BEAULAH VAN WYK**
12/4/6/3/2

ba Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid GT Murray stel voor dat goedkeuring verleen word ingevolge Artikel 15(1)(a)(i) saamgelees met Artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 vir die verslapping van die straatboulyn en kantboulyn op erf 1481 na 0 meter.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.12 BELEID TEN OPSIGTE VAN DIEFSTAL VAN ELEKTRISITEIT**
13/2/1

**BESLUIT**

kk Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.13 INSAKE: STRATE IN NYWERHEIDSGEBIED**
13/3/1

**KENNIS GENEEM**

**8.14 MUNICIPAL REPRESENTATIVE, BEAUFORT WEST MUSEUM BOARD OF TRUSTEES**
14/8/1

**RESOLVED**

dkd Councillor AM Slabbert seconded by Councillor GP Adolph proposed that Councillor G de Vos and Councillor GT Murray be nominated to represent Council on the Beaufort West Museum Board of Trustees.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.15 SUPPORT OF HUMAN SETTELMENT PROJECT PIPELINE FOR BEAUFORT WEST MUNICIPALITY**
14/11/3/1

**RESOLVED**

kk That this matter be referred to the next Council meeting.

**8.16 AANSOEK OM OORDRAG VAN WONING: ERF 396 – N762/4: KWA-MANDLENKOSI: PHUMLANI EASTER JIKELA**
14/11/3/2/25

**BESLUIT**

aa Dat goedkeuring verleen word dat die woning geleë op erf 396, Kwa-Mandlenkosi deur middel van die R7,500.00 Afslagskema aan mnr. P.E. Jikela verkoop word en op sy naam oorgedra word.

**8.17 ERF 2812: 101 NOHANA SSTREET, KWA-MANDLENKOSI: BEAUFORT WEST**
14/11/3/2/25

**RESOLVED**

aa 8.17.1 That permission is granted to register thte property, 101 Nohana Street, erf 2812, Kwa-Mandlenkosi through the Exchanced Extended Benefit Scheme (R7,500.00 Discount Scheme) onto the name of Chunwani Precoius Winkel.

8.17.2 That permission is granted to write of the old debt of 101 Nohana Street and the property be included in the second phase of the Consolidation Housing Project, Kwa-Mandlenkosi.

**8.18 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE OUDITKOMITEE VIR BEAUFORT-WES GEHOU OP 27 OKTOBER 2015**

dkd Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid AM Slabbert stel voor dat die Notule / Verslag van 'n vergadering van die Ouditkomitee vir Beaufort-Wes gehou op 27 Oktober 2015 goedgekeur en aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.19 VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER**
3/4/1

**BESLUIT**

dkd Dat die mededelings van die Speaker as raadsbesluit aanvaar en uitgevoer word.

**8.20 VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
3/4/1

**BESLUIT**

dkd Dat die mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester as raadsbesluit aanvaar en implementeer word.

Mnr. JCL Smit verlaat die vergadering voor bespreking van item 8.21.

**8.21 AFTREDE: 31 JANUARIE 2016: J.C.L. SMIT: DIREKTEUR: INGENIEURSDIENSTE**
SP: J.C.L. Smit

Sien Afsonderlike Notuleboek.

**ADDENDUM**

**8.22 AANSOEK OM AANKOOP VAN GEDEELTE GROND (± 25 HA) OP DIE HOEK VAN DIE R61 en AFDRAAI NA HOPEVILLE PLAAS: MNR. D. KOOPMAN**
7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

ba 8.22.1 Dat in beginsel goedkeuring verleen word dat die gedeelte grond verkoop mag word met dien verstande dat alle vereistes ingevolge die toepaslike wetgewing nagekom word.

8.22.2 Dat 'n waardasie op die gedeelte grond uitgevoer word.

8.22.3 Dat mnr. A. Koopman versoek word om alle uitstaande inligting soos vermeld in die kommentaar van die Direkteur: Ingenieursdienste aan die Administrasie te voorsien.

Die vergadering sluit om **12:35.**

Notule bekragtig hierdie _____ dag van _______________2015.

__________________________________
**SM Motsoane**
**SPEAKER**

# AFSONDERLIKE NOTULEBOEK

**Notule** van die **9de Gewone Maandelikse** vergadering
van die **Plaaslike Raad** vir **Beaufort-Wes**

gehou in die *Pinster Kerk,*
*Ebenezerlaan, Beaufort-Wes*

op **Dinsdag, 24 November 2015**

om **10:15**

**TEENWOORDIG:**

Raadsheer T Prince [Uitvoerende Burgemeester], Raadslede: SM Motsoane [Speaker], EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester] GP Adolph, J Bostander, G de Vos, L Deyce, M Furmen, GT Murray, AM Slabbert, R van der Linde en DE Welgemoed

**AFWESIG:**

Raadslede R van der Linde *[Siekteverlof]*, DE Welgemoed *[Verskoning]* en AD Willemse

**IN DIENS:**

Munisipale Bestuurder, Direkteur: Finansiële Dienste, Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Wrnde. Direkteur: Elektrotegniese Dienste [D. Le Roux] en Komitee Beampte

Mnr. JCL Smit verlaat die vergadering voor bespreking van item 8.21.

**8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**8.21 AFTREDE: 31 JANUARIE 2016: J.C.L. SMIT: DIREKTEUR: INGENIEURSDIENSTE**
SP: J.C.L. Smit

bpd Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid M Frmen stel voor dat die skrywe met betrekking tot die aftrede van mnr. JCL Smit aanvaar word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

Die vergadering sluit om **12:35**.

Notule bekragtig hierdie _____ dag van _______________2015.

______________________________

**SM Motsoane**
**SPEAKER**